



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-07-31

Liewe Ouers

SPUR-AAND: 5 AUGUSTUS

Kom geniet 'n heerlike aand by die Strand Spur vanaf 17:00 tot 20:00. Klein Lochieland ontvang 10% van die aand se opbrengs.

Ons sien uit daarna om al die Klein Lochies en hul gesinne daar te sien!



BEDANKING

Baie dankie aan die volgende drie persone (besighede) wat vir ons gratis werk op die terrein gedoen het! Jacobus Theart van JXT Construction Projects, Errol Ballabio van EALA Plumbing en Richard Davy van WP Roofing. Ons waardeer julle vrygewigheid en bereidwilligheid baie!



KONSERT

Ons is baie opgewonde om weer 'n konsert aan te bied en is reeds druk besig met konsertvoorbereidings. U sal eersdaags inligting i.v.m. kostuums, reëlings, tye, ens. ontvang. Dagboek asb. by voorbaat **Maandag 14 September** (kleedrepetisie- geen ouers), **Dinsdag 15 September** en **Donderdag 17 September** (konsertaande).

Dit is 'n hoogtepunt in elke kleuter se Klein Lochieland-jare! Daar word foto's geneem en u gaan ook die geleentheid kry om 'n opname van die konsert te bestel.

Die koste vir die konsert beloop **R150-00 per kleuter**. Dit sluit die maak van kostuums, klank, beligting en dekor in. Betalings moet asb. voor of op **Vrydag 4 September** op die D6-toepassing gedoen word. Ouers het ook die opsie om dit te EFT in die Laerskool se rekening met verwysing: *KL Konsert en kind se naam*. Bewys van betaling moet asb per e-pos na die sekretaresse by adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za gestuur word.

Elke kleuter moet ook asb. 'n **plastiekhanger** met die **kleuter se naam en klas** (bv. Bere, Visse, Eende, Hasies, Bye, Skoenlappers, Besies, Miertjies of Naaldekokers) daarop vasgeplak, skool toe stuur. Ons sal dit ná die konsert weer terug stuur. Geen "baba-hangers" nie, asb. Daar moet ook plek wees om 'n broek op die hanger te kan hang (indien nodig).

Die kleuters oefen nou elke dag aan hul konsertdansies. Ons wil vra dat u asb. nie die kleuters onnodig tuis sal hou nie. Dit is moeilik om te oefen as al die maats nie daar is nie. Kleuters moet ook soggens betyds afgelaai word, aangesien elke klas 'n beurt kry om vroegoggend in die saal te oefen.

KONSERT- DEKORVERGADERING: DINSDAG 4 AUGUSTUS

Baie dankie aan al die ouers wat aangedui het dat hulle graag sal wil help met die dekor vir die konsert. Indien daar nog iemand is wat sal belangstel om ons te help, is u welkom om ook ons eerste dekorvergadering op Dinsdag 4 Augustus om 18:00 in die musiekkamer by Klein Lochieland by te woon.

VERLORE KLERE

Ons wil 'n ernstige beroep op ons ouers doen om asb. die kleuters se klere te merk. Ons het Maandag ontslae geraak van ou klere en daar is gister alweer 'n hele krat vol.

GRAAD R-INLIGTING:

TANDARTS UITSTAPPIE

Om by ons "Tandetema" aan te sluit gaan elke klas volgende week 'n geleentheid kry om die tandarts te besoek. Ons maak gebruik van Dr. Basson en Kruger se praktyk. Voltooi asb. die Google-vorm wat uitgestuur gaan word vir toestemming en vervoer.

Ouers wat help met vervoer moet asb. 08:45 by die skool wees. Die uitstappie behoort ongeveer 'n uur te neem.

Kleuters moet asb. hul skoolhempies of skool"tops" aanhê.

Die verskillende klasse gaan op dié verskillende dae:

Hasieklas:	Maandag	3 Augustus om 09:00 tot 10:00
Beertjieklass:	Dinsdag	4 Augustus om 09:00 tot 10:00
Eendjieklass:	Woensdag	5 Augustus om 09:00 tot 10:00
Vissieklas:	Donderdag	6 Augustus om 09:00 tot 10:00

Ons tema vir die week is:

TANDE

Ons persepsies is:

Getal: **7, sewe en sewende**
Klank: **p-klank**

Assessering:

Dae van die week

Begrip van gister, vandag en môre

Ouditiewe sintese: Juffrou klank k-a-t; Wat hoor jy?

Balanseer op een been

Balanseerbalk

Vorms herken en teken

Maandag 3 Augustus: ***Bring prente wat met 'n p-klankie begin***

Dinsdag 4 Augustus: ***DEKORVERGADERING om 18:00 in die Musiekkamer***

Woensdag 5 Augustus: ***SPUR-AAND by die Strand Spur***

Donderdag 6 Augustus: **Ek teken myself waar ek tande borsel**

Vrydag 7 Augustus: **Lekkertjiedag**

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:
Ons persepsies is:

DINOSOURUSSE
Getal: **3**
Klank: **d-klank**
Kleur: **Rooi**
Vorm: **Driehoek**

Maandag 3 Augustus: Ons maak ons eie dinosourus

Dinsdag 4 Augustus: ***DEKORVERGADERING om 18:00 in die Musiekkamer***

Woensdag 5 Augustus: ***SPUR-AAND by die Strand Spur***

Donderdag 6 Augustus: Ons kleur 'n dinosourus in

Vrydag 7 Augustus: Lekkertjiedag

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel